
Gereformeerde kerk **Magol**




"En wat julle ook al doen, doen dit van harte soos vir die Here en nie vir mense nie".
Kol. 3: 23

| | | |
|---|---|---|
| Eredienstye op Sondae: 10:00 | Kantoorure: Maandae, Dinsdae & Vrydae: 08:00-13:00 *(gesluit tydens skoolvakansie)* | |
| Kantoor no: 079 804 5542 | E-pos: admin@gerefkerkmagol.co.za | Webblad: www.gerefkerkmagol.co.za |

***DATUM:*** *23 Februarie 2025*

## Kollektes

**Vandag**
**Swart sakkie:** Thusofonds
**Rooi sakkie:** Diens van Barmhartigheid

**Volgende week**
**Swart sakkie:** Expando
**Rooi sakkie:** Diens van Barmhartigheid

## Eredienste

**Vandag:** 10:00 & 18:00

**Volgende week:** 10:00 & 18:00

## Diensbeurte

**Vandag:** Tafelkop & Tambotie

**Volgende week:** Weltevrede & Wonderboomhoek

## Bybelstudie

**Maandag:** 19:00 by die kerk

*Die 1ste brief aan Timoteus*

## Vergaderings

**Vandag:** Diakonie

## Huisbesoek

**Komende week:** Ell. 06

Dr. Christiaan se huisbesoek is vooruit op die jaarprogram geskeduleer. Maak asseblief 'n aantekening op jou dagboek wanneer dit jou wyk se beurt is.

## Katkisasie

**Vandag:** Les 4

**Volgende week:** Les 5

**Woensdag:** 14:30 H/S Kategese
***(let asseblief op dat tyd verander het)***

## Ons groet....



- Mia du Toit vertrek na GK Cachet
- Pieter Prinsloo vertrek na GK Waterberg
- Hendrik Venter vertrek na GK Secunda

## Skinkbeurte

**Vandag:**
**Tafelkop**
Ona Botha, Adri de Klerk, Leoni Kruger, Jolanda Pretorius & Martie Wolfaardt.

**Tambotie**
Esther de Beer, Elsa Erasmus,
Christine janse van Vuuren,
Kobie janse van Vuuren
& Lara janse van Vuuren.

**Volgende week:**
**Weltevrede**
Miemie de Beer, Susan du Plessis,
Louise du Plessis, Lenel du Plessis,
Sorien Pretorius, Maretha Kruger
& Amanda Strydom.

**Wonderboomhoek**
Daleen du Plooy, Carina Elmes,
Miems Erasmus, Annetjie Pelser,
Isabel Snyman & Luzaan van Rooyen.

---

## Verjaarsdae... vir **komende week**

| | | |
|---|---|---|
| 24ste | dpl Lache Beytell | Ell. 06 |
| 25ste | dpl Jan Hendrik du Toit | Ow. 11 |
| | Kaylee Roux | Ow. 03 |
| | Susan van der Merwe | Ow. 11 |
| 27ste | Maretha Kruger | Wtvde |
| 28ste | Sorien Pretorius | Wtvde |
| | Roelene Beumer | Hdal/Sbp |
| MAART | | |
| 1ste | Ronel Coetzee | Hdal/Sbp |
| | dpl Thys Retief | Ow. 17/19 |
| | Barend van der Linde | Ell. 04 |

*Mag die seën van die Here op jou rus in jou nuwe lewensjaar sodat die meetsnoere vir jou op lieflike plekke val en jou erfenis mooi sal*






# Preekvoorligting Sondag 23 Februarie 2025

## Oggend erediens

**Sing:** Ps. 145:1,2,3; Ps. 145:12; Ps. 42:1,2; Ps. 78:13,25; Ps. 2:1,6.

**Lees:** Hag. 2:11-23.

**Teks:** Hag. 2:19

**Tema: Die Here gebied sy seën waar sy kerk gehoorsaam in sy koninkryk bou**

### *Moeilike omstandighede*

In die tyd dat Israel gereed maak om die wintergraan te saai moet Haggai vir ŉ derde maal die boodskap van die Here aan die volk bring. Die land se opbrengs was in die verlede onder die gemiddeld en die Here het hulle op baie verskillende maniere beproef om hulle terug te roep tot bekering. Hulle het geval in afgode diens en dooie vormgodsdiens, maar die Here het hulle herhaaldelik opgeroep om terug te keer tot ware diens aan Hom alleen

### *Ons roeping tot gehoorsaamheid*

Die Here het sy Gees in hulle midde gegee sodat hulle hom met ŉ nuwe gehoorsaamheid sal dien. Hulle het op die draaipunt van hulle geskiedenis gestaan, maar uit dankbaarheid moet hulle opnuut gehoorsaam in die bouwerk van die Here volhard. Dit is op hierdie gehoorsaamheid wat die Here nou sy seën laat rus. Deur die geestelike versterking in die nagmaal word ons opnuut geroep tot gehoorsaamheid omdat ons die seën van die Here in die offer van Christus ontvang het.

### *Ons ontvang die Here se seën*

Van die dag dat Israel begin het om die fondament van die tempel te lê het die Here sy seën oor hulle gebied. Waar die Here sy hand vir die volk toegehou het tot hulle beproewing, gee Hy nou oorvloed. ŉ Oorvloed wat nie net beperk is tot fisiese seëninge nie, maar ook tot geestelike seën. Die seën dat die dag van die Here sal aanbreek en dat Hy alle vyande aan Hom sal onderwerp. Dit laat die gemeente van Christus uitsien na sy koms.

# Preekvoorligting Sondag 23 Februarie 2025

## Aand erediens

**Sing:** Ps. 84:1,2,6; Ps. 25:1,9,10; Skr. 33:3; Ps. 48:3,4.

**Lees:** 1 Kor. 2:1-16; Son 6.

**Teks:** 1 Kor. 2:2; Son 6.

**Tema: Jesus Christus is ons Middelaar soos Hy in die Skrif geopenbaar word.**

***Die natuur van ons Middelaar***

Ons kan alleen Verlossing ontvang wanneer daar aan die geregtigheid van God voldoen word. Die Middelaar wat tot hierdie geregtigheid in staat moet waarlik mens wees en ware God. Na sy mensheid moet Hy met 'n volmaakte gehoorsaamheid aan die geregtigheid van God voldoen want dit is wat die Here van die mens eis. Hy moet daarom verder ook ware God wees omdat geen mens of skepsel die volle vrag van God se regverdige oordeel kan dra nie. Hierdie Middelaar word uit genade deur die Vader aan ons gegee.

***Die persoon van ons Middelaar.***

Die besondere natuur van ons Middelaar in sy mensheid en sy Goddelikheid vind ons alleen in Jesus Christus die eniggebore Seun van God. Wanneer Paulus homself aan die Korintiërs moet verantwoord oor sy bedieningswerk staan die verkondiging van Christus voorop. Vir die wêreld is dit 'n dwaasheid en sy verkondiging het nie die oorredende krag van menslike wysheid gehad nie, maar tog het hy niks anders verkondig nie. Die openbaring van Christus as Middelaar wat alleen aan die geregtigheid van God kan voldoen is die wysheid wat van God af kom.

***Die openbaring van ons Middelaar.***

Die kennis van Jesus as Verlosser kom egter nie uit die mens self op nie, maar uit die openbaring van die evangelie. Nou is dit opmerklik dat ons belydenis die tyd van hierdie openbaring aanwys as die paradys. Die bedoeling is dat God deur alle eeue juis van die val van die eerste mens Adam en Eva die belofte van Christus gegee het. deur die eeue is dit verborge maar in die volheid van die tyd ten volle openbaar deur die Woord.